## KLEIO

Gedagtig daaraan:

dat in die Westerse Wêreld al sedert die Eerste maar veral na die Tweede Wêreldoorlog bewegings aan die gang is om die geskiedenisonderwys te bevorder deur die hou van kongresse van geskiedenisonderwysers waarop skoolgeskiedenisboeke van verskillende nasies onderling uitgeruil en wedersyds hersien word met die oog op groter onderlinge verdraagsaamheid, samewerking en begrip;

dat ook die Republiek van Suid-Afrika uit verskillende taal- en rassegroepe bestaan en dat ons leiers hulle voortdurend beroep op beter samewerking, onderlinge begrip en eenheid;

dat die vak geskiedenis met die mens en menslike verhouding te doen het en derhalwe die nouste verband met die lewe handhaaf;

dat daar verskil van interpretasie bestaan oor sekere gebeurtenisse in ons geskiedenis;

dat die geskiedenisonderwyser nie sy taak behoorlik kan vervul sonder kennis van die jongste metodes en tegnieke van onderrig nie;

Het ons,
die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika
en
die Departement Geskiedenis van die Onderwyskollege Witwatersrand besluit om, met die oog op die bevordering van geskiedenisonderrig op skool, 'n studiegroep te vorm wat KLEIO sal heet.

Ons beoog om hierdie doel na te strewe deur:

byeenkomste te hou waarop onderwysers uit die twee blanke taalgroepe mekaar vir samesprekings oor gemeenskaplike probleme kan ontmoet en waarop sake soos o.a. die volgende behandel en bespreek sal word:

(a) metode, tegniek en psigologie van die geskiedenisonderrig;
(b) beginsels by die doseerwerk van geskiedenis as vak;
(c) historiese gebeurtenisse waaromheen teenstrydige interpretasies bestaan;
(d) nuwe literatuur oor die geskiedenis en die onderrig van geskiedenis;
(e) die reëling van besoeke na plekke van historiese belang;
(f) uitwisseling van stelle skoolgeskiedenisboeke vir wedersydse nasien en beoordeling.

Hierdie doeleindes word nagestreef in die volle besef dat nie die skoolboek nie, maar veral die geskiedenisonderwyser die leerlinge vorm en dat ontmoetinge daartoe kan bydra om 'n ware Suid-Afrikaanse gees aan te kweek, waaraan ons leerlinge en onderwysers van albei taalgroepe gemeenskaplik gebind kan word, en om die objektiewe onderrig van geskiedenis volgens die beste beginsels, metodes en tegnieke te bevorder.

Die studiegroep waarna in die voorafgaande verwys word, is op 24 Mei 1963 te Pretoria gestig. Die bestuur is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. A. N. Boyce.

Vise-Voorsitters: Proff. F. A. van Jaarsveld en T. van Wijk.

Sekretarisse: Mnre. P. C. Greij en J. Cameron.

Komiteelid: Mnr. A. L. Harington.

Op 24 Augustus 1963 is die eerste openbare vergadering in die Johannesburgse College of Education gehou. By die geleentheid het prof. F. A. van Jaarsveld as spreker opgetree en het as tema gekies, *Geskiedenis onderrig in Suid-Afrika. 'n Historiese Oorsig.*

## MEDEDELINGS IN VERBAND MET DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die jaarvergadering van die Transvaalse Afdeling van die Historiese Genootskap, vind op 20 en 21 September a.s. te Klerksdorp plaas, terwyl 'n hoofbestuursvergadering op 19 Oktober te Vereeniging gehou sal word.

Die Witrivierse tak van die Historiese Genootskap het in Juniemaand vanjaar 'n baie geslaagde en interessante uitstalling van oudhede in die Hoërskool Rob Ferreira georganiseer. Die plaaslike komitee onder voorsitterskap van mnr. Kruger, het alle eer vir die poging waartoe Engelssowel as Afrikaanssprekendes heelhartig saamgewerk het. Die uitstalling is geopen deur dr. J. J. van Tonder, voorsitter van die Hoofbestuur; dit het groot belangstelling uitgelok.